MULTI-MEDIA INHOUDSKEPPER

(Bellville)

Die NG Kerk in SA (Sinode van Wes-Kaapland) het ’n voltydse pos beskikbaar in Bellville vir ’n multi-media inhoudskepper om die bestaande kommunikasiespan uit te brei. Hierdie dinamiese, kreatiewe storieverteller sal verantwoordelik wees vir die skep van multi-media inhoud soos videos/podcasts/sosiale mediaplasings in lyn met die kommunikasiestrategie onder leiding van die kommunikasiebestuurder.

Verantwoordelikhede

- Skep van multi-media inhoud insluitend video’s, potgooie en sosiale mediaplasings
- Belyning van inhoud met die kommunikasiestrategie
- Lewering van topgehalte multi-media inhoud
- Bestuur en ontwikkeling van Kaapkerk se multi-media inhoud
- Uitbreiding van Kaapkerk se sosiale media gehoor
- Navorsing m.b.t. nuwe ontwerp- en sosiale media tendense

Minimum Vereistes

- ’n Toepaslike tersiêre kwalifikasie in visuele kommunikasie
- Bewese tweetalige kommunikasievaardighede (Afrikaans en Engels)
- 2-3 jaar ondervinding in ’n multimedia omgewing
- Vorige ervaring met WordPress en JavaScript
- Vorige ervaring m.b.t. inhoudskepping vir sosiale media platforms soos Facebook, Twitter, Instagram, YouTube en TikTok
- Vorige ervaring m.b.t. skep van video-inhoud met behulp van programme soos Adobe Creative Suite
- Detail georiënteerde werkstyl met goeie tydbestuur en organisatoriese vaardighede
- Vermoë om leiding te neem en onafhanklik te werk
- Vermoë om goed onder druk te funksioneer
- Uitstekende mensvaardighede
- Vermoë om behoeftes te bepaal en dit na inhoudsidees te vertaal
- Uiters kreatiewe persoonlikheid
- Etiese en waardegedrewe lewensbeskouing en handhawing van Christelike waardes
- Beskik oor ’n portefeulje van werk (insluitend video’s / “reels” / potgooie) asook aktiewe sosiale media rekeninge
- Geldige rybewys en eie vervoer

Werksure: 07:45 – 16:00 (Maandae tot Vrydae)

Laai die **aansoekvorm** hier af: https://www.kaapkerkadmin.co.za/poste/

Stuur dit (as voorblad) saam met ’n volledige CV (’n portfolio met behulp van webskakels of sosiale media platforms) aan:

Die Hulpbronbeampte (Elmien Theron), NG Kerk in SA, Privaatsak X8, Bellville, 7535
E-pos: ngkadmin@kaapkerk.co.za

Telefonies navrae: **Ronelda Visser (Kommunikasiebestuurder) | 083 273 3984**